

Tye van verlies



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Markus 5:22-24, 35-43; 1 Petrus 5:6, 7; Genesis 37:17-28; Lukas 16:13, Romeine 6:16 en 1 Korintiërs 15:26.

Geheeteks:

“Ja, om Christus Jesus, my Here, te ken is só wonderlik dat ek alle ander dinge as ’n verlies beskou. Ter wille van Hom het ek alles as verlies afgeskryf. Ek beskou dit as gemors sodat ek Christus as wins kan verkry” (*Filippense 3:8, NLV*).

Die oomblik toe Adam en Eva van die boom van die kennis goed en kwaad geëet het, het hulle hul eerste verlies gely. Skielik was hulle hul onskuld kwyt. Daardie verlore onskuld is met selfsug en konflik vervang; asook die begeerte om beheer oor mekaar te verkry, met die een wat oor die ander koning wou kraai. Kort na die sondeval beleef Eva-hulle ook die eerste lewensverlies – hulle kry diervelle om hul naaktheid te bedek. Meteens was toegang tot die boom van die lewe verbode, om te keer dat hulle van die vrugte eet en vir ewig leef. Daarmee saam het hulle ook hul volmaakte woning – die Tuin van Eden – verloor. Jare later word Adam-hulle se seun, Abel, deel van die verlies; na hy deur sy broer, Kain, vermoor is. Uiteindelik moes die een lewensmaat die ander aan die dood afstaan, en later het dié se weduwee of wewenaar self ook sy of haar lewe verloor. So baie verlies, en dit as gevolg van ’n enkele besluit. Ja, ons almal moes al daardie werklikheid, en die pyn wat dit bring, in die gesig staar. Vir die meeste van ons gebeur dit met verliese wat ’n mens binne die gesinseenheid ly. Gesinsbande is immers die hegte. Dit is dus te verstane dat alle vorms van verlies binne daardie eenheid – waarvan daar vele is – ’n mens die swaarste tref. Vandeesweek val die soeklig steeds op die gesin, maar dié keer kyk ons telkens na kosbare ding of mense wat die lede van daardie eenheid soms verloor.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 1 Junie.*

'n Verlies aan gesondheid

Duisende jare lê tussen ons en die boom van die lewe. 'n Mens voel dit veral aan jou liggaam en aan jou gesondheid. Kort voor lank gebeur dit met ons almal (tensy jy natuurlik as jongmens op een of ander tragiese wyse verongeluk). 'n Mens besef: My gesondheid gaan nou agteruit. Veel erger en pynlik as 'n mens se eie verlies aan gesondheid is dié van 'n geliefde. Menige ouer met 'n siek kind het al die versugting uitspreek: “Ag, kan ek nie maar in sy of haar plek siek wees nie?” Ongelukkig berus die keuse nie by ons nie.

In watter opsigte stem die volgende bybelverhale ooreen? Mark. 5:22-24, 35-43; Matt. 15:22-28; Luk. 4:38, 39 en Joh. 4:46-54.

In hierdie bybelverhale, en beslis ook in vele ander, is dit telkens die een gesinslid (of familielid) wat ter wille van 'n ander by Jesus om genesing smeek. Ons woon op 'n gevalle planeet – dit weet ons maar al te goed. Toe sonde op die toneel verskyn het, het die dood ook kop uitgesteek; en daarmee saam kroniese pyn, liggaamlike swakheid en siekte. Kroniese of terminale siekte ontlok dikwels skok, woede, en wanhoop by lyers. Party wil sommer van pure ontsteltenis uitroep: “My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U vêr as ek om hulp roep? My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen rus nie” (*Ps. 22:2-3, NAB*). Soos Dawid moet ons ons woede, vrae en pyn na die Here neem.

Menslike siekte en lyding bly 'n raaisel, 'n raaisel wat seker eers met die wederkoms van Jesus en die gevolglike einde van die dood ontrafel sal word. Tog is daar belangrike bybelwaarhede in dié verband. Let byvoorbeeld op Job wat te midde van onbeskryflike trauma 'n baie noue wandel met God gehad het en later tot die slotsom gekom het: “Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien” (*Job 42:5, NAB*). Dan is daar ook Paulus, wat een of ander kroniese probleem gehad het. Die wyse waarop hy sy siekte hanteer het, toon dat lyding 'n mens toerus – om met ander te simpatiseer, om die regte trooswoorde te gebruik, en om meer doeltreffend in jou evangelisasiepogings te wees (*2 Kor. 1:3-5*) – maar net as jy toelaat dat hierdie dinge jou nie breek nie.

Gestel jy of iemand in jou gesin is kronies of terminaal siek. Op watter bybelbeloftes kan jy en jou huismense in sulke tye staatmaak? Dink 'n bietjie aan die feit dat Jesus, as Heer en Heiland, vir ons aan die kruis gely het. Hoekom is dit so belangrik in tye van siekte en pyn? Wat leer die gekruisigde Heer ons oor God se onfeilbare liefde, selfs al is daar siekte in die gesin?

'n Verlies aan vertroue

Ons is almal sondige, disfunsionele wesens. Wie van ons kan eerlikwaar sê dat ons ons nog nie aan troubreuk skuldig gemaak het nie? En die meeste van ons was ook al aan die ontvangkant. Tog is dit nie naasteby so erg as wanneer een gesinslid 'n ander se vertroue skend nie. In die meeste gevalle blyk opgee en padgee die oplossing te wees, veral wanneer 'n mens voel dat daar nie juis iets te redde is nie. Natuurlik is dit makliker gesê as gedaan wanneer die ander party 'n gesinslid – soos 'n man of 'n vrou – is. 'n Mens kan selfs sê dat dit een van die huwelik se oogmerke is – 'n leerskool vir die herstel van vertroue na troubreuk.

Gestel die vertroue tussen twee gesinslede is geskend. Hoe nou gemaak om die vertrouensverhouding, asook die verhouding in sy geheel, van ondergang te red en weer op dreef te bring? 1 Pet. 5:6, 7; 1 Joh. 4:18; Jak. 5:16 en Matt. 6:14, 15.

Die pad na herstel is egter lank en moeisaam, en 'n mens moet dit maar treetjie vir treetjie aanpak. Eers moet jy ruterlik erken waar dinge skeefgeloop het en watter pyn dit gebring het – ongeag die aard van die oortreding of jou posisie in die gesin.

In die geval van egbreuk begin die pad na herstel met 'n skuldbelydenis. As deel van die helingsproses moet die skuldige party – soos die ou Afrikaanse spreekwoord dit so netjies stel – met die hele sak patats vorendag kom. Niks moet weggesteek word nie, want wanneer dit later uitkom, en dit sal beslis uitkom, sal dit die herstelde vertrouensverhouding opnuut in gevaar stel word. Die kans op herstel is aansienlik moeiliker na die tweede troubreuk.

Die herstel van enige vertrouensverhouding verg tyd en geduld. Hoe groter die oortreding, hoe steiler die pad. Die een oomblik lyk dit of daar vordering, of daar hoop vir die toekoms is; die volgende oomblik is daar 'n terugslag en dan wil jy sommer boedel oorgee. Soms voel dit maar so. Tog het baie mense dit reggekry om die gebroke band te herstel en 'n dieper, intiemer, meer bevredigende en gelukkige huwelik te bou.

Dink 'n bietjie aan die beginsels wat ter heling van huweliksprobleme aangewend word. Watter van daardie beginsels kan ook vir ander vorms van troubreuk aangewend word? Tog is die vraag net: In watter situasies is die herstel van vertroue buite die kwessie, en behoort dit ook buite die kwessie te wees?

'n Verlies aan vertroue (vervolg)

Nog 'n manier waardeur die vertrouensverhouding in 'n gesin geskaad kan word, is deur geweld. Dit skreeu ten hemele, tog toon navorsing dat die meeste geweld in ons samelewing binne die gesinseenheid plaasvind. Boonop raak dit alle soorte gesinne, insluitende die Christelike gesin. Gesinsgeweld is die aanranding van 'n huisgenoot deur een of meer van die ander huismense; en kan verbaal, liggaamlik, emosioneel of seksueel, of selfs aktiewe of passiewe verwaarlosing wees.

'n Mens lees selfs in die Bybel van gesinsgeweld, in party gevalle ook onder gelowiges. Watter emosies ontketen dit in jou binneste? Gee dit jou stof tot nadenke? Hoekom is hierdie soort stories deel van die Bybel?

Gen. 37:17–28 _____

2 Sam. 13:1–22 _____

2 Kon. 16:3, 17:17 en 21:6 _____

Alle vorms van mishandeling is 'n doelbewuste besluit, waar die een party kies om 'n ander aan sy of haar mag en beheer te onderwerp. Alkoholisme, spanning, seksuele drange, die onvermoë om woede reg te bestuur of selfs die slagoffer se gedrag – nie een van hierdie dinge kan sulke dinge verskoon of rasionaliseer nie. Wat meer is, slagoffers is nie verantwoordelik vir die mishandeling wat hom of haar te beurt geval het nie. Die slagoffer is ook nie die oorsaak van die geweld nie. Diegene wat hulle aan dié soort misdade skuldig maak, verdraai die liefde; want “die liefde doen niemand kwaad aan nie” (*Rom. 13:10, NLV*). Professionele behandeling kan 'n verandering in die skuldige party se gedrag meebring, maar ook net as daardie persoon verantwoordelikheid aan die dag lê, deur te erken dat daar 'n probleem is en dan hulp te kry. Aan elkeen wat hom of haarself vir God oopstel, kom die versekering: Die Here kán oorvloedige wonderwerke verrig om die skuldige partye te help om hul mishandelende en seermaakgedrag stop te sit; om berou vir hul verkeerde houdings en gedrag te toon; om in elke moontlike opsig vir die afbreking te probeer vergoed, en om die eienskappe van agápē-liefde deel van hul lewens te maak, sodat hulle genesing aan hul innerlike kan bring en ander met liefde kan behandel (*lees Ef. 3:20*).

Probeer jousef indink hoe dit moet voel om 'n slagoffer van gesinsgeweld te wees. Watter trooswoorde sal jy graag wil hoor? Watter hoop kan ander jou bring? 'n Mens kan natuurlik vir die slagoffer advies gee, oor hoe hy of sy liewers in vrede met die oortreder moet woon. Hoekom is dit beter om die slagoffer te koester en te aanvaar, en eerder 'n veilige hawe aan daardie persoon te bied?

'n Verlies aan vryheid

Wie weet hoeveel mense met een of ander vorm van verslawing spook? Dalk is dit miljoene of selfs miljarde. Die Here is al een wat weet. Boonop weet wetenskaplikes steeds nie wat die presiese oorsaak is nie, ten spyte van die feit dat die bepaalde bringedeeltes wat by luste en begeertes betrokke is al by geleentheid geïdentifiseer is. Om te weet waar daardie “verslawingsentra” geleë is, en hoe om dit in 'n praktiese sin te oorkom, is natuurlik nie naasteby dieselfde ding nie. Verslawing is uiters swaar, nie net vir die verslaafde nie, maar almal wat by hom of haar betrokke is. Almal in die gesin – die ouers, die lewensmaat en die kinders – lei vreeslik swaar wanneer enigeen in die gesin in dié nare wurggreep beland het en om een of ander rede net nie kan loskom nie.

Dwelms, alkohol, tabak, dobbel, pornografie, seks en selfs kos – al hierdie dinge kan verslawend wees as dit gereeld en toenemend gebruik, en uiteindelik misbruik word. Jy is nie in staat om dit te stop nie, selfs al weet jy dat dit jou skade berokken. Hoewel jy jou vryheid-van-keuse uitoefen, word jy naderhand 'n slaaf, en verloor jy in werklikheid daardie vryheid. (In effe hoogdrawende Afrikaans: Dit wat willekeurig is, word onwillekeurig.) Petrus het 'n eenvoudige definisie daarvoor, asook die gevolge daarvan: “Hulle belowe vryheid aan hierdie mense, al is hulle self slawe van die verderf; want as iets jou in sy mag het, is jy sy slaaf” (2 Pet. 2:19, NAB).

Watter dinge kan tot verslawing lei? Luk. 16:13, Rom. 6:16, Jak. 1:13-15 en 1 Joh. 2:16.

Die sonde wat 'n mens doen, bestaan nie net uit al jou herhaalde misdrywe nie (m.a.w. sonde kom nie altyd op verslawing neer nie). Die misdryf waardeur jy sondig, kan ook 'n eenmalige ding wees – hoewel dit dikwels in verslawing kan omsit. 'n Mens moet liewers, deur die krag van die Here, die sonde in die kiem smoor voordat dit in verslawing omtaard. Wat is die enigste blywende oplossing vir die sonde- en verslawingsprobleem? – om 'n nuwe hart te ontvang. “Maar dié wat aan Christus Jesus behoort, het die hartstogte en die begeertes van hulle sondige geaardheid gekruisig” (Gal. 5:24, NLV). In Paulus se Sendbrief aan die Romeine beskryf hy dan ook wat dit beteken om jou sondige, verslawende geaardheid af te sterwe ten einde in Christus te lewe (Rom. 6:8-13). Voorts skryf hy: “Soos 'n mens jou klere aantrek, moet julle die Here Jesus Christus ‘aantrek’, en nie 'n duimbreedte toegee aan die begeertes van julle sondige natuur nie” (Rom. 13:14, NLV).

Wie van ons het nie 'n stryd met verslawing nie, of ken selfs iemand (of selfs 'n gesinslid) wat daarmee spook nie? Soms meen mense dat hulle as gelowiges geestelik gefaal het as hulle, na vele mislukte pogings, steeds deskundige hulp benodig. Hoe bring 'n mens diesulkes tot ander insigte?

Lewensverlies

As mense is die dood vir ons 'n realiteit. 'n Mens lees daarvan, sien dit, en party van ons het dit selfs net-net ontkom.

Lees 1 Korintiërs 15:26. Hoe word die dood hier beskryf en hoekom word dit so beskryf?

Enigeen wat al 'n geliefde aan die nare werklikheid moes afstaan, weet watter gedugte vyand die dood is, nie waar nie? Tog is die dooies, in 'n sekere sin, “beter” daaraan toe. Hoe so? Want elkeen wat in Christus sterf, beleef die dood soos volg: Die een oomblik sluit jy jou oë en die volgende oomblik kom jy by, verrese en onsterflik! “Vir die gelowige is die dood nie 'n ewige terugslag nie... Die Christen besef dat die dood 'n [soort] slaap is, oomblikke van stilte en bewusteloosheid. 'n Mens se lewensvonk is deur Christus verborge in God, en ‘wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom in heerlikheid verskyn’” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 787).

Nee, dit is die naasbestaandes, die vriende en familie wat agtergelaat word, wat die ware pyn en smart van die dood ken. Om te rou, is dan ook 'n natuurlike respons op lewensverlies. Dit is die emosionele seer wat 'n mens ervaar na die heengaan van 'n geliefde of nadat jy 'n kosbare besitting verloor het. Die rouproses is nie vir almal ewe lank nie. Tog bestaan dit gewoonlik uit opeenvolgende fases. Die eerste en die algemeenste reaksie op die dood van 'n geliefde is skok en ongeloof, selfs al was 'n mens die dood te wagte. Skok is die emosionele stranddolosse wat die golwe van verlies breek sodat dit jou nie verswelg nie, en kan twee tot drie maande lank duur. Party mense gaan dan ook deur 'n tydperk waarin hulle konstant aan die afgestorwe geliefde dink, selfs terwyl hulle met gewone dagtakies besig is. Dit gebeur ook dikwels dat gesprekke met ander 'n mens skielik aan daardie persoon laat dink. Hierdie tydperk duur ongeveer ses maande tot 'n jaar lank.

Dan volg wanhoop en depressie. Dit is die treurgedeelte, wat seker die pynlikste en die langste fase vir die naasbestaandes is, waarin jy stadig maar seker die werklikheid van die verlies leer aanvaar. In hierdie fase kan die treurende deur 'n reeks emosies – soos woede, skuldgevoelens, spyt, hartseer en ang – gaan. Die doel van treur is nie om al die pynlike gevoelens en herinneringe weg te vat nie. In die slotfase van die rouproses begin jy weer belangstelling in die alledaagse lewe te toon en aktief daaraan deel te neem.

Watter vertroosting put 'n mens uit die volgende skrifgedeeltes? Rom. 8:31-39, Op. 21:4 en 1 Kor. 15:52-57.

Vir verdere studie:

Baie mense moes al ly a.g.v. verslawing. Hulle leef in die kettings van begeerte en is vandag hul geld, werk, gesondheid en vryheid kwyt. Gelukkig het Jesus gekom om ons van die sonde en al ons verslawings te bevry. Dit is soos die Woord sê: “As die Seun julle... bevry, sal julle regtig vry wees” (*Joh. 8:36, NLV*). Voorts belowe Jesus ook om by ons te bly (*Matt. 28:20, Jes. 43:2*). So, hierdie stryd voer ons nie alleen nie. Om die waarheid te sê, laat ons in gedagte hou dat dié stryd aan die Here behoort (*1 Sam. 17:47*), en dat Hy ons die oorwinning beloof (*1 Pet. 1:3-9*). ’n Mens kan die oorwinningspad betree en verslawing – ongeag die soort – oorkom. Die vryheid wat jy begeer en wat God jou graag wil gee, kán jou wees. Dit beteken natuurlik nie dat jy nie ’n taai stryd hoef te stry nie, ook nie dat jy nooit somtyds gaan faal nie. Solank ’n mens net aanhou op die Here vertrou, sal Hy ook nie opgee met jou nie – dit is die goeie nuus. Wat meer is, daar is absoluut niks fout met die raadpleeg van deskundiges nie. Net soos wat die Here dokters gebruik om met die behandeling van siektes te help, kan Hy ook opgeleide beraders gebruik om verslawing te help oorwin. “Wanneer probleme en beproewings ’n mens oorval, behoort jy na God te vlug. By Hom – by die een wat die mag en krag het om te verlos – lê die hoop op hulp. Ons moet net vra en God sal ons ryklik seën. Gebed is ’n plig en ’n noodsaaklikheid – maar wat van lofprijsing, verwaarloos ons dit? Behoort ons nie meer gereeld die Gewer vir al sy goeie gawes te bedank nie? ’n Gees van dankbaarheid is iets wat ons moet aankweek. Ons behoort gereeld die genadegawes van die verlede te bepeins en oor te vertel, en dan die Here te eer en verheerlik – selfs in tye van leed en verdriet” (Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 2, bl. 268).

Vrae vir bespreking:

1. Watter rol speel vergifnis in die hersteltyd na troubreuk? *Matt. 6:12-15* en *18:21, 22*. “Die liefde... hou nie boek van die kwaad nie” (*1 Kor. 13:4, 5; NAB*).
2. Watter voordele trek ’n mens uit die bepeinsing en oortel van God se genadegawes in tye van leed en verdriet?
3. Op watter konkrete maniere kan die kerkgesin saamstaan en iemand help wat met een of ander verlies stoei?